REDDING VAN GEVANGENES

Bid vir elkeen om God toe te laat om in hulle harte te werk en Sy doel met hulle lewens te bereik. (Jesaja 55:11)

24-7 GEBED VIR HERLEWING
12 -18 Augustus 2024

Redding van Gevangenes

Bid vir gevangenes om God toe te laat om in hulle harte te werk en Sy doel met hulle lewens te bereik (Jesaja 55:11).

Van lande wêreldwyd, het El Salvador die grootste aantal (1 086) gevangenes per 100 000 van die nasionale bevolking. Mandelabaai, Suid-Afrika, was in Januarie 2024 die 9de gevaarlikste stad volgens moordsyfer (78,33%) wêreldwyd.

Gevangenes sukkel dikwels met gevoelens van isolasie, hartseer en nood. Jesus bied hoop, genesing en 'n nuwe doel vir elke lewe. Hy kan selfs die mees gebroke mense herstel en omstandighede verander. Jesus kan ook die siklus van misdaad met die vernuwing van hul harte en gedagtes vervang.

Hierdie week fokus ons op die redding en transformasie van elke gevangene en onthou hulle steeds asof ons saam met hulle in die gevangenis is ... (Matteus 25:45).

MAANDAG 12 AUGUSTUS 2024
BELY HULLE SONDES
Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie! (Psalm 51:12-13).

Kom ons bid

- Bid vir gevangenes om met gewillige harte hulle sondes te bely, want die Here is getrou en regverdig om ons van alle ongeregtigheid te vergewe en te reinig (1 Johannes 1:9).
- Bid vir ongeredde gevangenes om die Vader se liefde te ervaar (Romeine 5:8).
- Vra vir tye van spontane gebed en aanbidding in tronke, sodat ander die goedheid van God te midde van hulle omstandighede kan sien en ervaar, en God kan aanbid! (Handelinge 16:25).

GETUIENIS

DINSDAG 13 AUGUSTUS 2024
SOEK GOD SE VERGIFNIS
Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! (Psalm 51:3).

Kom ons bid
- Bid vir gevangenes om tot God uit te roep om hulle harte te reinig, hul gees te vernuwe en hulle standvastig te maak (Psalm 51:12).
- Bid vir die ongereddes om hulle toevlug in die Een en ware lewende God te vind en Christus as hulle Verlosser aan te neem. Bid dat hulle geestesoë geopen sal word om te sien en dat hulle ore geopen sal word om die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus te hoor (Efesiërs 1:18).
- Bid vir die gebrokenes van hart om verlossing en genesing te ontvang wanneer hulle God se heilsplan deur bedienaars van die Woord van God hoor (Lukas 4:18).

GETUIENIS

WOENSDAG 14 AUGUSTUS 2024
GROEI IN GODDELIKE EIENSKAPPE
Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God. (Hebreërs 12:11).

Kom ons bid
- Bid dat gevangenes sal groei in goddelike karakter en om die gesag van gevangenispersoneel te respekteer.
- Vra dat God hulle die ware toestand van hulle harte sal wys en dat hulle 'n diep begeerte sal hê om te verander.
- Bid vir hulle om God se natuur in Sy Woord te sien, dat hulle harte sag sal word en 'n regte gees in hulle sal kweek.

GETUIENIS

DONDERDAG 15 AUGUSTUS 2024
WEERSTAAN SATAN
Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. (Jakobus 4:7).

Kom ons bid
- Bid dat gevangenes hulle aan God sal onderwerp en die duiwel weerstaan sodat hy sal vlug en hulle met rus laat (Jakobus 4:7).
- Bid dat hulle die Naam van die Here sal aanroep sodat hulle gered kan word (Romeine 10:13).
- Bid vir hul beskerming en die verwerping van dwelms en betrokkenheid by smokkelhandel van goedere wat by die gevangenis inkom. Bid vir hulle beskerming teen seksuele aanranding en elke vorm van viktimisering binne die gevangenis.

GETUIENIS

VRYDAG 16 AUGUSTUS 2024
DIE ONSKULDIGE GEVANGENES
Terwyl Josef daar in die tronk was, was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind, sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het. Hy het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes in die tronk en van wat hulle moes doen. Josef was vir alles verantwoordelik, en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande, want die Here was by hom... (Genesis 39:20b-23).

Kom ons bid
- Bid vir die onskuldige gevangenes om dit as 'n waardevolle geleentheid te sien dat hulle geloof in God getoets word terwyl hulle in Sy krag volhard (Jakobus 1:2-3).
- Bid dat die waarheid van God se Woord vinnig oral in tronke sal versprei en Hom heerlikheid sal bring (2 Thessalonisense 3:1).
- Bid vir herlewing om in tronke uit te breek; van die gevangenes tot die tronkbewaarders en administrateurs, en dat almal 'n persoonlike ervaring van die verkwikkende werk van die Heilige Gees sal hê (Handelinge 2:1-4).

GETUIENIS

SATERDAG 17 AUGUSTUS 2024
BLY STERK IN DIE GELOOF
"'As U iets kan doen,' sê jy," antwoord Jesus. "Vir die een wat glo, kan alles." (Markus 9:23).

Kom ons bid
- Vra dat hulle geloof in Jesus sal vind en Hom sal vertrou met elke uitdaging wat hulle in die gesig staar. Bid vir gevangenes om met hulle hele hart te glo dat hulle alles kan doen deur Christus wat hulle krag gee (Filippense 4:13).
- Bid dat elke gevangene tot God sal uitroep met Psalm 91:2 in gedagte; *"Hy is my toevlug en my vesting; My God, op Hom sal ek vertrou."*
- Bid dat hulle sal groei in hul geloof in God en om sterker te word in hul verhouding met die Here.

GETUIENIS

SONDAG 18 AUGUSTUS 2024
GEVANGENISBEDIENINGs
Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak... Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is. (Efesiërs 6:19-20).

Kom ons bid
- Bid vir programme wat in gevangenisse aangebied word om gevangenes te help om die wysheid en hulpbronne te vind wat hulle nodig het om aan te pas en om weer in die samelewing in te gaan, byvoorbeeld werk, behuising, interpersoonlike verhoudings (familie, huwelik, ens.).
- Bid vir gevangenisbedienings om oop deure en hulpbronne te hê om hulle te dissipelleer (Markus 16:15).
- Bid dat hierdie bedienings veral die Vader se liefde sal weerspieël, aangesien baie mense nie die teenwoordigheid van 'n ware vader gehad het nie (1 Johannes 3:1).

GETUIENIS